BOERE-VRYHEIDSKONFERENSIE SATERDAG 29 NOVEMBER 2014

1. ’n Groepie Boere het Saterdag bymekaargekom met die doel om te besin oor Vryheid en die herstel van ons Republieke. Dit was in die pragtige, stil en rustige gedeelte by Wintersnest. ’n Gemoedelike gees het geheers en daar was ’n gees van samehorigheid merkbaar aanvoelbaar, ter voorbereiding op ’n verklaring van voorneme oor wie ons is en waarheen ons op pad is . Die bespreking was duidelik en daar was besliste menings oor hoe hierdie geskiedkundige dokument moet lees. Dit word tans voorberei vir vrystelling.

2. Daar was ook ’n duidelike diepe bewustheid aanwesig van ons diep afhanklikheid van die Almagtige en Sy hand in die lotgevalle van ons Boerevolk. Hierdie nietige oomblik in die lewe van dié wat teenwoordig was, sal ons altyd bybly.

3. Na ete is ’n foto geneem van die loodsingskomitee wat hierby aangeheg word. Name word nie verstrek op hierdie stadium nie aangesien almal se goedkeuring nog nie verkry is nie.

4. Die opmars na Vryheid het begin. Ons sal oorwin want ons wil oorwin!

Piet Rudolph : Sameroeper

[illegible]